NOTULE.

U.K. VERGADERING GEHOU OP 23 FEBRUARIE 1960.

TEENWOORDIG:

Ds. P.S.Z. Coetzee; Ds. J.J. Fourie en Ds. W.R. de Kock.

Ds. Fourie open die vergadering met gebed.

RAADSNOTULE 12 FEB. 1960: (Brief Eerw. Hoffman 15/2/60)

1. MNR. J. VEITCH: Die U.K. neem met waardering kennis van sy besoek en hulp by verskillende stasies gedurende sy onlangse vakansie. (Bylae A).

2. SERENJE LEERKRAG: Kennis word hiervan geneem. (Sien brief Eerw. Hoffman)

3. VERLOF, MEJ. ZAHN: Verlof word goedgekeur onder die buitengewone omstandighede, maar vervoerkoste sal prorata bereken word omdat die beleid van die S.A.S.K. is dat verlof alleen na 3 jaar toegestaan sal word.

4. UNIALE SENDINGKONFERENSIE: Mits dat reëlings met die Rhodesiese Regering en die Munisipaliteit van Kroonstad getref kan word, word hiermee verlof verleen soos in Dr. J.M. Cronje se brief vervat (ged. 15.2.1960). Vervoerkoste sal toegestaan word, bereken teen vliegtuig vanaf Madzimoyo na Lusaka en trein daarvandaan na Kroonstad vir een blanke persoon.

5. EVANGELISASIE KONFERENSIE TE VICTORIA-VALLE: Kennis word hiervan geneem dat Sendingpersoneel hierdie Konferensie sal bywoon op eie koste.

6. OPGAARDAM, TAMANDA: Goedkeuring word verleen aan die terugskakeling tot die maak van 'n nuwe put soos uiteengesit in brief van die Voorsitter.

7. LENING DR. J.M. CRONJE VIR AANKOOP VAN MOTOR: (23) Hierdie aansoek word goedgekeur. (Bylae B)

8. OPLEIDING SPESIALE KLAS PREEKPOSONDERWYSERS EN OPFRISSINGSKURSUS VIR OU PREEKPOSONDERWYSERS: (40): Hierdie saak word goedgekeur.

9. AANKOOP VRAGMOTOR OPVOED. DEPT. (42): Toegestaan mits dat dit geen verdere koste vir die Sending meebring nie. Die Sekr. sal verdere informasie inwin.

B A S O E T O L A N D.

10. EERW. A. VISSER, AANSOEK: Hierdie aansoek word soos volg toegestaan. (Sien bylae C)

11. MOTOR VERVOERTOELAE SENDELINGE BASOETOLAND: (Bylae D.)

12. EVANGELISTE SALARIS: (Sien bylae E)

Ds. W.R. de Kock sluit met gebed.